

# Die ontstaan van J\*sus Christus

## 2.

Die eerste verbond is gebreek wat bevestig word is Jes. 50:1. Die tweede en finale verbond spreek YAHUSHA uit in Matt.26:28.

Die Hebreeuse woorde soos: YAH, SHA, EL, ELOAH is baie ouer as Allah, god, en Here, J\*sus of Christus.

Die naamwoorde: J\*sus Christus het 'n betekenis wat baie sal verstom. J\*sus het sy afsonderlike bestaan gehad en so het Christus / Christene ook.

Om te begin met die naam 'J\*sus' is dit in der waarheid twee name, of saam gevoegde name, om 'n betekenis daarin te koppel. Ek gaan kortliks 'n greep uit die tydperk van YAHUSHA haal dat ons kan sien van waar die verblinding kom.

Toe ons Koning op aarde was, was die Romeine in heerskappy. Hulle was op daardie stadium die wêreld se heerser wat oor 'n klomp volke geheers het waarvan elk sy eie god aanbid het. Op 'n stadium het dit hulle nie veel gepla nie, want daar was soveel godes om te aanbid. Toe YAHUSHA tussen Sy volk gewandel het, het die Romeine en die Jode geïnteresseerd begin te raak. Die algemene man voor YAHUSHA se koms het hulle +- 180 gode gehad om van te kies wat vir hom paslik was. Toe YAHUSHA verskyn het, het Hy dié VADER kom voorstel aan Sy mense en dat Hy die Middelaar was.

Wat nou belangrik is om te sien is dat die Romein wel die militêre en regerende volk was wat die wêreld geheers het, maar tog gesukkel het om oor die volkere te heers ween hulle gelowe. Toe YAHUSHA op die toneel verskyn het daar baie liggies vir hulle aangegaan om uit die geloofsprobleme uit te kom. Hulle het met die hulp van Pauls 'n geloof daar gestel wat gely het tot die Roomse inkwisisie (*Aan die onderkant sal ek die "Christelike" geloof uitwys waarvan Paulus betrokke was*). Ek sluit net om te noem dat die Romeine in diepte na die gelowe gaan kyk het om die gelowe te konsolideer (assimileer). So het uit die Romeinse heerskappy die Rooms-Katolieke, soos ons hulle vandag ken, ontstaan.

Nou die Roomse geloof wat 'n Italiaanse geloof was "en is tot op vandag" het besluit om 'n taal te gebruik wat vreemd was vir die algemene volke. Hulle het 'n samevoeging van die gelowe in die Latynse taal daar gestel wat 'niemand behalwe' net die Romeine kom lees en skryf. Later van jare het hulle die ander volke in laat kom na die een geloof stelsel (wêreld orde). Wat vir hulle wel belangrik was, was om hulle godes te inkorporeer onder geheime name; Soos die moeder Maria en die J\*sus kind wat eintlik Semiramis en Tammuz was.

Nou dat ons weet dat die Romeine in YAHUSHA se tyd wel die Rooms-Katolieke van vandag is kan ons voortgaan met die uitlegging van die baal name. Die manne wat so graag verder wil gaan leer om 'n prediker te word moet sewejaar van sy lewe afstaan om so te doen. Van hulle vakke wat hulle moet deurkom is 'Latyns en Hebreeus'. Dus ken hulle die taal wat die Romeine daar gestel het wat die algemene (ongeskoolde) wêreld nie mag ken nie. As jy hier klaar gelees het sal dit jou verbaas dat met die kennis wat ons nou vandag me sit as ongeskoolde manne, die geskoolde manne, nooit die waarheid voor 'n dag gebring het en die uitverkore gewaarsku het nie.

Ons gaan weer terug na die name wat weggesteek was deur die Rooms-Katolieke weens hulle groot haat teenoor ander volke se gelowe. Die naam 'J\*sus' is werklik 'n veragtelike naam wat daar gestel was deur die Roomse (Jode) werkers. Deur daardie naam het die Rooms-Katolieke miljoene van die uitverkore volk uitvermoor, want ek glo hulle het geweet wat die beteken daarvan gewees het.

Ek gaan nou die naam 'J\*sus' opbreek in die Latyns taal en dit is soos volg: 'Je' en 'sus'. Die Romeine, met die Joodse invloed, het in alle rigtings gekyk wat en hoe om die Israel volk se geloof in te palm.

Hulle het gekyk na 'n Galdese demoon 'god' met die naam Esus wat uitgespreek word: Ee-Sooce ook bekend as Hesus (J\*sus) en ook uitgespreek as: He of Hey-Sooce. Hulle, die Italianers, (Rooms-Katolieke) het die naam Je –Sus gekies en uitgespreek as "Gesu" waarvan "Ge" se betekenis 'aarde, grond, land' is (Strong's Grieks 1093). Die uitspraak van die eerste twee letter kan varieer van 'le' ; 'Ye' ; 'Ge' ; 'Ee' Dus kan dit ook 'jy' beteken. Ek wil dit so deurgee dat die persoon wat die letters voor aan sy naam ontvang 'n persoon is wat regoor die aarde bekend sal word onder die volgende letters wat volg op sy naam. Samevattend oor die eerste twee letters kan: "jy" wat op of oor die aarde beteken.

Die 'Sus' in Latyn beteken weer vark, swyn, sog. Hoor julle die versteekte woorde! J\*sus is 'n gekastreerde aard / erdvark. Die Spanjaarde spreek die J\*sus weer uit as Hey-Sooce m.a.w. Hey Vark! Die oud Engels en Latynse tale het "Ie-Sus uitgespreek "EE-SOOCE" wat aard - vark (erdvark) beteken. In die Hebreeuse taal beteken 'Sus' weer 'n perd, perde, perde ryer (Strong's H5483). Dus beteken J\*sus "aardse perde ryer" Eers daar gelaat. Ek gaan nou oor na die woord "Christen".

#### 4.

Die Christen naam wat ieder en elk aan hom of haar self wil toedien is 'n (onwetende) verlorene wat nie weet waarin hy homself bevind en in watter rigting hy wel inslaan nie. Hulle bid tot en deur 'n god (soos bo uitgewys) wat hulle nie ken nie. Hulle reken dat almal welkom is om hulle god te aanbid, want redding lê mos in hulle god tot die ewige lewe.

Dus verwerp hulle *Gen. 15:4* *Toe kom die woord van ~~die~~ HERE YHUUH tot hom en sê: Hierdie een (Ismael) sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. Gen. 21:10: Jaag hierdie slavin (Hagar) en haar seun (Ismael) weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erwe nie. Gen. 21:12 Maar ~~God~~ Skepper het aan Abraham gesê: Laat dit nie verkeerd wees in jou oë ter wille van die seun en van jou slavin nie. Luister na Sara in alles wat sy van jou verlang, want deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag genoem word (en tien tal ander verse).*

Kom ons kyk wat en waar die woord 'Christen / Christus van kom en beteken. Die woord het sy ontstaan in Frankryk gehad. Hulle het dit uitgespreek as 'Cretin' wat Christianus in die Latyns taal is. Cretin beteken in Frans: Idioot, Sot, Dom en Onnosel. Die Romeine was gaande oor die naam en in YAHUSHA se tyd het hulle reeds die mense die naam toegesnoer. Ons kry die naam net driemaal in die Skrif en ek haal dit aan: In *Hand. 11:25, 26, 28* staan: *Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. :26 En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem*

Let op dat hulle so genoem was en nie dat hulle, hulself so genoem het nie. *:28 En Agríppa sê vir Paulus: Jy beweeg my byna om 'n Christen te word.*

Weens die slinksheid van Paulus het Agríppa dit opgetel en genoem dat hy nie 'n 'Christen' is en ook nie daarin belangstel nie. Hy wou dus nie onder daardie vaandel van "Dom en Onnosele sotte gesorteer word nie.

*1Pe 4:16 Maar wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar ~~God~~ VADER verheerlik loof in hierdie opsig.*

Verstaan mooi wat hier deurgegee word; "wanneer iemand as 'n Christen ly" dus om uitgekryt te word as 'n dom, sot, onnosele Idioot is dit om skaam voor te word, maar in teendeel moet jy VADER deur die bespottige loof.

Nou kom die vraag aan die aan die "Christine" van vandag wat so graag hulle "J\*sus" aanhang, wil julle nog steeds aangaan met die Dom, onnosele Idioot van 'n erdvark ? Wil julle aanhou om julle ware Skepper met die Naam bo alle Name, YAHUAH / YAHUSHA, verruil met veragtelike name. Wil julle eerder "Christine" wees as Israeliete? Ek weet as julle daardie besluit maak sal julle in afsondering kom en dit is nie wat die wêreld wil hê nie. Almal kan tog nie Israeliete wees nie, maar almal kan wel 'n Christen wees. Kom uit haar uit my volk die tyd is verby.

-----

Ns: In die Latynse taal word daar baie goed vir ons weggesteek. Ek haal net in kort 'n geval of twee aan: As ons kyk na die kalender maande wat ons tans in leef sal ons met 'n skok sien dat die Rooms-Katolieke aan daardie tyd ook gekrap het. Hulle getalle se name is soos volg: 'Septem' beteken die sewende, 'Okto' beteken die agste, 'Novem' beteken die negende en 'Desem' beteken die tiende. Wat opgelet kan word is dat die "ber" van elke getal weggelaat is. Nou m.a.w. as Desem'ber' die tiende maand is dan moet Januarie die elfde, Februarie die twaalfde en Maart maand die eerste maand van die jaar wees! Nou wie anders as die Jode self hou "Maart" as die eerste maand van die jaar? Wanneer begin 'n jaar se finansies / boekjaar? "Maart"

Die Sabbat wat deur hulle verskuif was na die Sondag is oral bekend op aarde. Die Italianer (Latyne) se dagnaam is "Sabbato" wat Saterdag is! Dus is dit onmoontlik om op 'n Sondag, Sabbat te hou. Dit help nie jy sê, maar ek hou op die en daardie dag Sabbat nie, want dan val jy onder dieselfde oordeel as die wat die baal name gebruik en verantwoording gaan doen daaroor!

Mense daar is 7.2 biljoen wesens op aarde waarvan die Roomse geloof 1.1 biljoen is; Die Protestante 800Miljoen; Ortodokse 260 Miljoen en die ware kinders van VADER net 12 miljoen is. Dus 12 stamme wat 'n miljoen gelowiges elk moet hê, waarvan die 144 duisend uitverkies moet word. Daar moet 12 Duisend per stam gekies word en soos dit nou lyk op aarde kan dit nie te lank wees dat die man met die inkpot die 144 duisend moet merk nie.

Ek sluit om weereens te noem volk van YHUUH, kom uit haar uit, ja kom uit die een wat op die dier ry wat die bloed van die uitverkore volk van YHUUH drink (Open. 17; 2:24,25).